**Woensdag 8 Maart**
**Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:4-9; Judas 1:6-9; Esegiël 28:11-19**
**Fokusgedeelte: Esegiël; 28:19; Judas 1:6; 2 Petrus 2:4**
**Sondeval in die hemel**

Wanneer ons van die sondeval praat, dink ons dikwels net aan die sondeval van die mens in die paradys. Tog was daar ’n sondeval vóór die sondeval van die mens – die sondeval van die duiwel en sy trawante.

In Esegiël het ons gehoor dat God die duiwel as ’n magtige, wyse, intelligente en pragtige engelwese geskape het. Mooier as die ander engele, is hy as aartsengel oor ander engele aangestel. God het hom Lucifer, “die een wat blink,” genoem. Soos die mens, het die duiwel ook ’n vrye wil gehad en kon self sy eie keuses maak. Dit is dan ook sy mag, wysheid en ongekende skoonheid wat hom in opstand teen God laat kom het.

Ons weet dat die duiwel, en ’n derde van al die engele, teen God in opstand gekom het en uit die hemel uitgewerp is (Op. 12:4). Jesus getuig ook dat Hy gesien het hoe die duiwel “soos ’n weerligstraal” uit die hemel geval het (Luk. 10:18).

Hierdie magstryd is vandag nog springlewendig. Of ons dit wil erken of nie, ons is ook betrokke in hierdie stryd. Moet ons dan bevrees wees? Nee! Al doen die duiwel wat ook al, het God reeds met die herskepping oorwin. Dit het Hy gedoen deur sy Seun na hierdie aarde toe te stuur. Met Jesus se geboorte, poog die duiwel, deur koning Herodes, om hierdie Christuskind te vernietig – tog is die duiwel verslaan! Al is hy ’n engel, ’n gevalle engel, versoek hy Jesus drie keer in die woestyn, maar hy is verslaan! Al gebruik die duiwel ’n skare mense wat skreeu “Kruisig Hom”, is die duiwel verslaan! Hy is vir ewig verslaan! Al was daar ’n Golgota, daar was ook ’n opstanding! Dit was die uur van oorwinning. Ons het nou weer vrye toegang tot God.

Deur Jesus Christus, ons Here, het die duiwel ’n oorwonne vyand geword. Dit is reeds in Esegiël 28:19 aan ons bevestig: “Jy het ’n afskrikmiddel vir ander geword, dit is vir altyd klaar met jou.”

*Sing: Psalm 47-1:1, 4*

*Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)*